Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2021

# GESKIEDENIS V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

* H I S T A 2 *

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 2: DIE OPKOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: 1989 TOT DIE HEDE

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 5: DIE OPKOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE: ONDERHANDELDE OOREENKOMS EN DIE RNE

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Minstens EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en minstens EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig toepas.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling nie. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: WAT WAS DIE UITDAGINGS WAT DIE SUID-AFRIKAANSE REGERING IN DIE 1980's IN DIE GESIG GESTAAR HET?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Definieer die begrip *Totale Strategie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.2 Waarom, dink jy, het P.W. Botha hierdie hervormings ingestel? (2 x 2) (4)

1.1.3 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, lewer kommentaar oor waarom die apartheidsregering die Stedelike Bantoe-Owerheidswet van 1982 ingestel het. (2 x 2) (4)

1.1.4 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat die NP-regering hervormings aan apartheid ingestel het. (2 x 1) (2)

1.2 Bestudeer Bron 1B.

1.2.1 Watter boodskap word in hierdie spotprent aangaande die implementering van die nuwe grondwet van 1983 oorgedra? (2 x 2) (4)

1.2.2 Identifiseer die twee rassegroepe in die bron wat die boonste vertrekke beset. (2 x 1) (2)

1.2.3 Lewer kommentaar oor die bruikbaarheid van die inligting in hierdie bron vir 'n historikus wat die skepping van die Driekamer-parlement ondersoek. (2 x 2) (4)

1.3 Vergelyk Bron 1A en 1B. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1A die bewyse in Bron 1B ondersteun rakende die implementering van hervormings deur die apartheidsregering. (2 x 2) (4)

1.4 Lees Bron 1C.

1.4.1 Waarom, volgens die bron, was die 1980's gewelddadig en het Suid-Afrika na verandering beweeg? (1 x 2) (2)

1.4.2 Noem enige TWEE groepe wat volgens die bron verbonde aan die UDF was. (2 x 1) (2)

Kopiereg voorbehou 

1.4.3 Noem die TWEE veldtogte wat die UDF teen die apartheidsregime geloods het. (2 x 1) (2)

Verduidelik wat word geïmpliseer met die woorde: 'Ons wil al ons regte hê, ons wil dit hier hê en wil dit nou hê', in die konteks van Allan Boesak se toespraak. (2 x 2) (4)

1.5 Raadpleeg Bron 1D.

1.5.1 Wat, volgens die bron, was die griewe van die swart woongebiede- (lokasie) inwoners wat tot huurboikotte gelei het? (2 x 1) (2)

1.5.2 Waarom dink jy is swart polisiemanne en raadslede in die swart woongebiede (lokasies) aangeval? (2 x 2) (4)

1.5.3 Verduidelik wat bedoel word met die term *Noodtoestand* in die konteks van die hervormings wat deur P.W. Botha ingestel is. (1 x 2) (2)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die uitdagings wat die Suid-Afrikaanse regering gedurende die 1980's in die gesig gestaar het, verduidelik. (8)

**[50]**

## VRAAG 2: HET DIE AMNESTIE-PROSES VAN DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) AAN DIE FAMILIE VAN DR. NEIL AGGETT AFSLUITING GEGEE?

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Bestudeer Bron 2A.

2.1.1 Definieer die term *apartheid* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.1.2 Wat, volgens die bron, was Neil Aggett ooggetuie van in die hospitale waar hy gewerk het? (2 x 1) (2)

2.1.3 Verduidelik wat geïmpliseer word deur die woorde: 'Aggett het die 51ste persoon geword wat in polisie-aanhouding sterf' in die konteks van politieke aanhoudings. (2 x 2) (4)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Watter boodskappe word op hierdie foto oorgedra? (2 x 2) (4)

2.2.2 Waarom dink jy noem hierdie ondersteuner Neil Aggett, ''n Ware patriot'? (1 x 2) (2)

2.3 Lees Bron 2C.

2.3.1 Definieer die term *menseregte* in die konteks van die WVK. (1 x 2) (2)

2.3.2 Noem die TWEE polisiebeamptes in die bron wat as Aggett se martelaars geïdentifiseer is. (2 x 1) (2)

2.3.3 Waarom, dink jy, het Nick Deetlefs, polisiebeampte van die veiligheidstak, oor die dood van Neil Aggett gelieg? (2 x 2) (4)

2.3.4 Hoe het die familie van Aggett, volgens die bron op Nick Deeflets se toesmeer oor die marteling en moord op dr. Neil Aggett gereageer? (1 x 2) (2)

2.3.5 Verduidelik die betroubaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die omstandighede wat gelei het tot die dood van dr. Neil Aggett, bestudeer. (2 x 2) (4)

2.4 Gebruik Bron 2D.

2.4.1 Noem die twee veiligheidspolisiemanne in die bron wat nie om amnestie aansoek gedoen het nie. (2 x 1) (2)

2.4.2 Lewer kommentaar op die redes waarom aktiviste, familie en ondersteuningsgroepe 'n tweede ondersoek na die dood van Neil Aggett versoek het. (2 x 2) (4)

2.4.3 Hoe het haar broer, volgens Jill Burger gesterf? (2 x 1) (2)

2.4.4 Haal 'n sin uit die bron aan wat aandui dat dr. Aggett se vader nie sy dood kon aanvaar nie. (1 x 2) (2)

2.5 Vergelyk Bronne 2C en 2D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2B die bewyse in Bron 2D met betrekking tot die dood van Neil Aggett ondersteun. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik of die amnestie-proses van die WVK die familie van Neil Aggett afsluiting gegee het. (8)

**[50]**

## VRAAG 3: WATTER IMPAK HET DIE GLOBALE COVID-19 VIRUS OP SUID-AFRIKA GEHAD?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D om die volgende vrae te beantwoord.

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 Volgens die bron, waar is COVID-19 die eerste keer geïdentifiseer? (1 x 1) (1)

3.1.2 Noem enige TWEE beperkings in die bron wat op 15 Maart 2020 deur president Ramaphosa aangekondig is. (2 x 1) (2)

3.1.3 Waarom, dink jy, het die president besluit om skole en hoër-onderwys-instellings onmiddellik te sluit? (2 x 2) (4)

3.1.4 Verduidelik die term *grendeltyd/inperkingstyd* in die konteks van die COVID-19-pandemie. (1 x 2) (2)

3.1.5 Verduidelik aan die hand van die inligting in die bron en jou eie kennis hoe skole die akademiese jaar kon voltooi. (1 x 2) (2)

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Noem enige TWEE strategieë vir openbare gesondheid in die bron wat tydens die COVID19-pandemie in Suid-Afrika aangemoedig is. (2 x 1) (2)

3.2.2 Lewer kommentaar oor waarom jy dink dat 'dringende en drastiese' maatreëls deur president Cyril Ramaphosa geïmplementeer is. (2 x 2) (4)

3.2.3 Verduidelik die nut van hierdie bron vir ŉ historikus wat die gevolge van die inperkingsregulasies op die lewens van Suid-Afrikaners bestudeer. (2 x 2) (4)

3.2.4 Wanneer, volgens die bron, was inwoners toegelaat om hul wonings te verlaat? (2 x 1) (2)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Noem EEN ekonomiese sektor uit die bron wat negatief deur die Covid-19-pandemie geraak is. (2 x 1) (2)

3.3.2 Wat kon, volgens die bron, gebeur as ŉ persoon/maatskappy nie die inperkingsregulasies nakom nie? (1 x 2) (2)

3.3.3 Verduidelik die redes waarom die bruto binnelandse produk (BBP) drasties gedaal het aan die hand van die inligting in die bron en jou eie kennis. (2 x 2) (4)

3.4 Bestudeer Bron 3D.

3.4.1 Watter boodskappe word op hierdie foto oor die wêreldwye Derde Vlaag Covid-19-virus oorgedra? (2 x 2) (4)

3.4.2 Hoe, volgens die foto, kan die verspreiding van die pandemie voorkom word? Gebruik visuele leidrade op die foto. (1 x 2) (2)

3.4.3 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, en lewer kommentaar op die gevolge van die Derde Vlaag Covid-19-virus as veiligheidsmaatreëls nie getref word nie. (1 x 2) (2)

3.5 Verwys na Bron 3B en 3D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3B die bewyse in Bron 3D ondersteun rakende die maatreëls wat getref is om die verspreiding van die virus te voorkom. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die impak van die globale Covid-19-pandemie op Suid-Afrika verduidelik. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae, in hierdie afdeling.

Jou opstel met ten minste DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

'Steve Biko is deur die apartheidsregime as 'n bedreiging beskou.'

Verduidelik tot watter mate Steve Biko en die Swartbewussynsbeweging die apartheidsregime in die 1970's uitgedaag het. **[50]**

### VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

'Dit was De Klerk se besluite wat die weg gebaan het vir 'n onderhandelde skikking wat uiteindelik tot die stigting van 'n demokratiese Suid-Afrika in 1994 gelei het.'

Bespreek die stelling krities. Ondersteun jou lyn van argument deur relevante bewyse te gebruik. **[50]**

### VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

'Dit was die ineenstorting (ondergang) van kommunisme wat grootliks verantwoordelik was vir politieke veranderinge wat ná 1989 in Suid-Afrika plaasgevind het.'

Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou lyn van argument deur relevante bewyse te gebruik. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2021

# GESKIEDENIS V2
# ADDENDUM

* H I S T A 4 *

Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.

## VRAAG 1: WAT WAS DIE UITDAGINGS WAT DIE SUID-AFRIKAANSE REGERING GEDURENDE DIE 1980's IN DIE GESIG GESTAAR HET?

### BRON 1A

Die bron hieronder verduidelik waarom daar toenemende (stygende) weerstand teen apartheid in die 1980's was.


Na die Soweto-opstande van 1976, het die Suid-Afrikaanse regering, wat gelei was deur P.W. Botha, veranderinge ingestel wat hulle beweer het hervormings (verbeteringe) was, wat die 'Totale Strategie' genoem was. Botha het ook die sterkte van 'n verenigde swart weerstand besef. Die Nasionale Party (NP) regering het aanvanklik die 'verdeel om te regeer'-benadering gebruik deur die bevolking in etniese groepe (bv. Xhosa, Zoeloe, ens.) te verdeel en deur elke groep verskillend te behandel. Die verdeling egter, was besig om te misluk en die weerstand teen apartheid het meer en meer verenig geword. Die regering het daarom probeer om nuwe maniere te vind om die bevolking te verdeel. Sy strategie was om 'n klein groep swartmense, wat hulle versigtig uitgekies het en waarvan hulle die getalle beheer het, in die middelklas toe te laat. Die gedagte was dat, deur 'n ryker swart middelklas te skep, wat apartheid en die regering sou ondersteun, want hulle het nou nodig gehad om apartheid te behou om hulle bevoorregte (hoë) posisies te behou, sou swart weerstand minder word. In 1982 het P.W. Botha se regering die Stedelike Bantoe-Owerhede Wet deurgevoer, wat 'n poging was om meer swart mag aan plaaslike munisipale amptenare (raadslede) in die swart woongebiede (lokasies) te gee.

Die regering het ook probeer om die gaping tussen Kleurling, Indiër en Afrikaaners (swartmense) meer te definieer. Dit was gedoen deur die nuwe grondwet wat die NP in 1983 bekendgestel het. Die grondwet het 'n nuwe parlementêre stelsel geskep, genoem die Driekamer-parlement. Botha se regering het voorgestel dat politieke mag in Suid-Afrika gedeel moes word onder die Wittes, Kleurlinge en Indiërs, met aparte kamers in die parlement wat vir elke rassegroep vasgestel was. Die nuwe grondwet wat in werking getree het in 1984, bestaande uit 'n eenhonderd agt-en-sewentig (178) lid (slegs wit) Volksraad, 'n vyf-en-tagtig (85) lid (Kleurlinge) Huis van Verteenwoordigers en 'n vyf-en-veertig (45) lid (Indiër) Huis van Afgevaardigdes. Voorsittend oor die drie huise was die staatspresident. Die NP het ook ander vorme van hervorming ten opsigte van apartheid ingestel. Spesifieke apartheidswette was verslap of verwyder, soos die Wet op Aparte Geriewe en sommige van hulle (die wette) aangaande die instromingsbeheer van swartmense na stede in Suid-Afrika en werkreservering (om werk vir iemand uit te hou) vir wittes.

[Uit www.sahistory.org.za>article>apartheid-era-1980's. Toegang op 12 Februarie 2021 verkry.]

**BRON 1B**

Hierdie spotprent hieronder toon die skepping van die Driekamer-parlement deur die nuwe grondwet van 1983.




[Uit sahistory.org.za. Toegang op 12 Februarie 2021 verkry.]

Grondwetlike planne

Driekamer-Parlement
Nuwe 3-kamer parlementêre woning
Heunis en Botha Argitekte

**BRON 1C**

Die bron hieronder beskryf die reaksie van die United Democratic Front (UDF) teen die hervormings wat deur die apartheidsregering in die 1980's ingestel was.

Een van die redes waarom die 1980's so gewelddadig geword het en Suid-Afrika beweeg het na verandering was omdat die opposisie (teenstand) teen apartheid verenig geraak het. Daar was massa-aksie vanaf die mense, en alhoewel hulle almal deel was van verskillende gemeenskappe, het hulle saam gewerk vir dieselfde doel. 'n Baie belangrike organisasie gedurende die 1980's was die United Democratic Front (UDF). Dit was gestig in reaksie tot 'n oproep van dr. Allan Boesak by 'n vergadering van die Transvaal Anti-Suid-Afrikaanse Indiese Raadskongres. Hy het voorgestel dat alle opposisie teen die 1983-grondwet verenig moes wees, of soos hy dit gestel het: "die politiek van weiering het 'n verenigde front nodig".

Die UDF was nasionaal geloods (stigting) by 'n vergadering in Mitchell's Plain op 20 Augustus 1983. Dit het bestaan uit honderde vroue, studente, kerke, vakbonde, kulturele, sport en ander groepe. By die stigting het dr. Allan Boesak in sy toespraak verklaar, "Ons wil ons regte hê, ons wil dit hier hê en ons wil dit nou hê." In die periode vanaf 1983 tot 1989 het die UDF homself gevestig as een van die mees prominentste (belangrikste) politieke bewegings in Suid-Afrika met meer as 600 geaffilieerde organisasies. Hulle het op 'n slagspreuk en 'n kenteken (wapen) besluit, 'UDF Verenig, Apartheid Verdeel.' Die UDF was baie suksesvol in hul aanvanklike veldtog, 'Moenie Stem' veldtog vir die Driekamer-parlement, en kiesers se opkoms by die verkiesing was baie laag. In Januarie 1984 het dit die 'Miljoen Handtekeninge Veldtog' teen apartheid geloods (ingestel). Na sy stigting, het die UDF verklaar dat dit 'n ware demokrasie wil instel waar alle Suid-Afrikaners kon deelneem en 'n enkele, nie-rassige, onverdeelde Suid-Afrika wil skep.

[Uit www.globalsecurity.org>world>war>south-africa5.ht*m.* Toegang op 12 Februarie 2021 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

**BRON 1D**

Hierdie bron verduidelik die huurboikotte wat die burgerlike samelewing in 1986 in die swart woongebied (lokasie) Mamelodi begin het.

Bewyse dat politieke bewustheid in die swart woongebiede (lokasies) meer aanvallend (agressief) geword het, het begin verskyn gedurende 1986 toe die huurboikot na 54 swart woongebiede landwyd versprei het. Dit het omtrent 300 000 huishoudings betrek en het die staat (regering) omtrent R40 miljoen per maand gekos. Die huurboikotte was in reaksie teen beide ekonomiese en politieke griewe (ongelukkighede). Ekonomiese griewe het die vlak en kwaliteit van stedelike bestaan (oorlewing) ingesluit: dalende werklike lone soos inflasie die koste van basiese voedsel en vervoer met 20% verhoog het, oorbevolking met 'n nasionale gemiddeld van 12 mense per huishouding, massiewe behuisingstekorte, stygende huur en diensgeld (soms met 100%) en groeiende werkloosheid.

Politieke griewe (ongelukkigheid) was verbind met die staat se mislukking om swart mense in die algemeen politieke regte te gee en die aanhoudende onvoldoende en onwettigheid van die swart plaaslike munisipale owerhede in die besonder. Daarom het inwoners regeringsgeboue aangeval en afgebrand en het gepoog om alle elemente van die apartheids-administrasie te vernietig. Verskeie aanvalle was op die huise van swart polisiemanne en raadslede gemaak.

'n Augustus 1986 UDF-inligtingspamflet het uitgewys dat huur nie betaal was nie omdat 'mense dit eenvoudig nie kon bekostig nie. Die huurboikot is … deel van 'n poging om apartheid onwerkbaar te maak'. Die huurboikot verswak die strukture van die regering en demonstreer dat daar nie belasting betaal kon word sonder verteenwoordiging nie. Anders as verbruikersboikotte, wat gemik was om druk op die staat uit te oefen deur middel van die middelklas wit kommersiële belange, het huurboikotte die staat direk uitgedaag. President Botha het veiligheidswetgewing geaktiveer om hierdie krisisse aan te spreek. In middel 1985 het hy die eerste in 'n reeks noodtoestande opgelê in verskeie dele van Suid-Afrika waar daar onrus was.

[Uit https://markswilling.co.za/wp-content/uploads/2015/10/ UNITED- DEMOCRATIC-FRONT-AND-TOWNSHIP-REVOLT.pdf. Toegang 12 Februarie 2021 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 2: HET DIE AMNESTIE-PROSES VAN DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) AFSLUITING AAN DIE FAMILIE VAN DR. NEIL AGGETT GEGEE?**

**BRON 2A**

Die onderstaande bron verduidelik die rol van dr. Neil Aggett in die arbeidsbeweging gespeel het en die omstandighede wat tot sy dood gelei het.

Neil Aggett was die eerste blanke Suid-Afrikaner wat in aanhouding gesterf het. Aggett is in Kenia gebore waarna sy ouers in 1964 na Suid-Afrika verhuis het. Aggett het homself as ŉ mediese dokter gekwalifiseer. Sy vakleerlingskap by die Mthatha Algemene hospitaal en Tembisa, wat in arm 'swart areas' geleë was, het tot sy maatskaplike bewustheid bygedra. Hy het uiterste armoede en siektes onder die swart werkers in die oorbevolkte, swak toegeruste hospitale aanskou. Dit het gelei tot sy betrokkenheid in vakbonde waar hy bekendheid verwerf het vir sy rol wat hy gespeel het om die lot van werkers in die African Food and Canning Werkersunie te beveg.

As gevolg van sy betrokkenheid in die arbeidsbeweging was Aggett in hegtenis geneem onder die Terrorisme Wet. Hy was na die John Vorster-plein geneem waar hy telkemale ondervra, geslaan en gemartel was deur offisiere van die Spesiale Taakmag wat hom as ŉ kommunis beskou het. Op 5 Februarie 1982 het hy homself met ŉ serp gehang. Aggett het die 51ste persoon geword wat in polisie-aanhouding gesterf het. Omtrent 15 000 het sy begrafnis bygewoon en sy dood het wydverspreide onrus en stakings veroorsaak.

[Uit www.news24.com>news24>southafrica>news>explained-who-was-neil-aggett-and-why-he-importantimportant-20200122. Toegang op 4 Februarie 2021 verkry.]

**BRON 2B**

Hierdie foto toon 'n ondersteuner wat rou oor die dood van Neil Aggett wat op 13 Februarie 1982 plaasgevind het.




[Uit https:www.dailymaverick.co.za/article/2021-02-04-remembering-neil-aggett-the-modest-idealist-who-died-for-his-beliefs-39- years-ago. Toegang op 12 Julie 2021 verkry.]

Ons rou
Neil Aggett
Ware patriot

## BRON 2C

Die onderstaande bron fokus op die heropening van die doodsondersoek na die omstandighede wat tot die moord op Neil Aggett gelei het.

Byna vier dekades later kan die heropening van die ondersoek na die dood in aanhouding van Neil Aggett uiteindelik antwoorde en waarheid oplewer.

ʼn Geregtelike doodsondersoek het die apartheidspolisie, amptenare van die veiligheidstak, van ongeregtigheid gevrywaar. Hulle noem Aggett se dood ʼn selfmoord. Sy vriende en familie het dit nog nooit geglo nie. Familie, vriende en ʼn span ondersteuners, insluitend advokate vir menseregte, het die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) sedert 2003 uitgedaag om die saak van Aggett en die van ander aktiviste te laat herondersoek.

Polisiemanne van die Veiligheidstak, luitenant Steven Whitehead en majoor Arthur Conwright, wie geïdentifiseer was as die hoofmartelaars van Aggett, is dood. Die voormalige polisiebeampte van die sekuriteitstak, Nick Deetlefs, wat onder die ondervraers was wat daarvan beskuldig word dat hy politieke aktiviste gemartel het, het sy getuienis afgehandel tydens die heropenbare geregtelike doodsondersoek oor die dood van die anti-apartheidsaktivis dr. Neil Aggett. Hy het erken dat hy gelieg het in die vorige Aggett-geregtelike doodsondersoek, wat insluit dat hy sy bewering dat Aggett gesê het dat hy nie meer wil lewe nie, verberg het. Deetlefs het die sekuriteitstak daarvan beskuldig dat hy hom opdrag gegee het om te lieg oor hul bedrywighede, en bygevoeg dat hy besluit het dat hy die waarheid sou vertel na regsadvies …

‘Daar is niemand wat my nou intimideer (dreig) of vir my sê wat ek moet sê nie. My regsverteenwoordigers het my vertel en my gewaarsku dat ek die waarheid moet vertel.’ Deetlefs het aanvanklik aan die hof gesê marteling van politieke aangehoudenes was roetine op die berugte 10de verdieping van die John Vorster plein-polisiestasie, maar het gesê dat hy nie weet wie verantwoordelik was vir die marteling nie, nadat hy gevra is om die sekuriteitsbeamptes te noem wat gevangenes aangerand het.

Die gesinsverteenwoordiger van Aggett het aangedui dat hulle van voornemens is om Deetlefs strafregtelik te vervolg, omdat hulle hom daarvan beskuldig het dat hy die marteling en moord op Aggett toegesmeer het.

[Uit https://www.iol.co.za/news/politics/neil-aggett-inquest-blow-to-deetlefs-credibility-43044277. Toegang op 24 Februarie 2020 verkry.]

## BRON 2D

Die volgende uittreksel beskryf ŉ onderhoud deur die voormalige kommissaris van die WVK, Yasmin Sooka, wat gehou is met Jill Burger, Neil Aggett se suster, in die hooggeregshof in Johannesburg op 20 Januarie 2020. Dit was tydens die tweede geregtelike doodsondersoek oor hoe sy dood hul gesin geraak het.

Baie veiligheidspolisie, waaronder Cronwright en Whitehead, het nie om amnestie by die WVK aansoek gedoen nie. Daarom is daar ŉ volgehoue poging deur aktiviste, die gesin en die Neil Aggett-ondersteuningsgroep om die post-apartheidstaat te beywer om die martelaars van Aggett te vervolg. Die voormalige kommissaris van die WVK, Yasmin Sooka, sê die opening van die geregtelike doodsondersoek was ŉ belangrike oomblik vir Aggett se familie en baie ander gesinne om te leer wat werklik gebeur het met diegene wat wreed gemartel is deur die veiligheidspolisie. Sooka het gesê dat die familie vasbeslote is om die kern van wat gebeur het te bereik, maar dat baie voormalige apartheidspolisiebeamptes – waarvan sommige in bevelstrukture was – het hergroepeer "om te voorkom dat enige inligting na vore kom oor dinge wat hulle impliseer".

Jill Burger het aan die hof gesê die gesin het altyd geglo dat Neil nie selfmoord gepleeg het nie, ondanks ŉ uitspraak van 1982 wat die polisie van enige oortreding gevrywaar het. "Hy sou nooit selfmoord gepleeg het nie. Hy was ŉ sterk man. Ek glo dat die polisiebeamptes óf sy dood voorgedoen het, óf hy selfmoord gepleeg het as gevolg van die wrede behandeling wat hy ontvang het. Hulle het hom doodgemaak." Alhoewel Aggett se sosialistiese opvattings tot botsings met sy minder polities bewuste pa gelei het, het Burger gesê haar pa was ontsteld oor die dood van sy jongste seun. "My pa kon nie ophou huil nie. Hy was ŉ gebroke man," het sy aan die hof gesê. Sy het gesê dat haar pa se sterwende wens was dat die moordenaars van sy seun tot verantwoording gehou word. Sy het bygevoeg dat sommige van haar oorlede pa se konserwatiewe vriende onder die indruk was dat Neil 'gekry het wat hy verdien'. My pa het nooit weer met daardie mense gepraat nie."

'Ek word steeds hartseer en tranerig omdat hy so ŉ nuttige lewe gelei het. Hy het soveel meer gehad om by te dra en ons het almal uit gemis.' Sy het verder gesê: 'My wens is dat hy in vrede is en dat my ma en pa in vrede is. My arme liefdevolle ma, ek is bly sy het nie geleef om die dinge te hoor wat uit die geregtelike doodsondersoek kom nie.'

[Uit https:www.dailymaverick.co.za/article/2021-02-04-remembering-neil-aggett-the-modest-idealist-who-died-for-his-beliefs-39-years-ago. Toegang op 4 Februarie 2021 verkry.]

## VRAAG 3: WATTER IMPAK HET DIE GLOBALE COVID-19 PANDEMIE OP SUID-AFRIKA GEHAD?

**BRON 3A**

Hierdie bron verduidelik die oorsprong van die Covid-19-pandemie en die voorgenome impak daarvan op Suid-Afrika.

COVID-19 is die eerste keer in die Hubei-provinsie, Wuhan-stad, China, in die laaste deel van 2019 geïdentifiseer. Kort daarna het hierdie siekte verwoesting (chaos) begin veroorsaak en die verwoestende (skadelike) effek van die pandemie het die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) genoodsaak om dit as ŉ wêreldwye pandemie te verklaar. In Suid-Afrika is die eerste bevestigde geval van COVID-19 op 5 Maart 2020 aangeteken. Die vrees vir die voorspelde tempo waarmee die pandemie mense sou besmet, het die Suid-Afrikaanse regering gemotiveer om hierdie pandemie tot ŉ nasionale ramp te t.o.v. die Rampbestuurswet verklaar. Die nasionale toestand van rampe wat op 15 Maart 2020 deur die president van Suid-Afrika Cyril Ramaphosa verklaar is, het aanvanklik gedeeltelike reisverbod, reisadvies, ontmoediging van gebruik van openbare vervoer, die sluiting van skole en die verbod op byeenkomste van meer as 100 mense bevat. Op 23 Maart 2020 het president Ramaphosa ŉ nasionale inperking ingestel wat 21 dae sou duur van 26 Maart 2020 tot 16 April 2020. Die inperking het beteken dat skole en alle hoëronderwysinstellings organisasies onder andere onmiddellik sou sluit. Op 9 April 2020 het die president van Suid-Afrika aangekondig dat die sluiting met nog 14 dae verleng sal word. Met die nasionale inperking sou dit beteken dat die akademiese kalender vir die jaar 2020 beïnvloed sou word. Om die omvang van akademiese ontwrigtings te verminder, het verskeie leerder-instellings gereageer deur van die kursusse na hul aanlynplatforms te skuif. Vir basiese onderwys het sommige nie-regeringsorganisasies leermateriaal beskikbaar gestel.

[Uit https://www.mdpi.com. Toegang op 13 Julie 2021 verkry.]

**BRON 3B**

Die onderstaande bron beskryf die sosiale impak wat die COVID-19-pandemie op Suid-Afrika gehad het.

COVID-19 het sy potensiële verwoestende impak oral getoon, maar dit ŉ besondere rede vir kommer in Suid-Afrika is. Terwyl publieke gesondheidstrategieë soos sosiale afstandhouding, dra van maskers en gereelde handewas aangemoedig word, is sulke strategieë (maatreëls) voorregte wat baie nie kan bekostig in die oorbevolkte, informele nedersettings wat 13% van alle huishoudings is, waar baie nie toegang tot lopende water het nie. Die gesondheidstelsel in hoë inkomste-lande word onder druk geplaas, maar in Suid-Afrika maak die meeste mense staat op die publieke gesondheidstelsels wat ondervoorsien is en sukkel om aan die eise van die pandemie te voldoen. Terwyl die virus nie diskrimineer op die basis van ras, geslag of grenslyne nie, is dit waarskynlik dat dit die armes en diegene wat lei aan onderliggende siektestoestande, gaan affekteer.

President Cyril Ramaphosa het verklaar dat 'dringende en drastiese' maatreëls nodig was om die verspreiding van die virus te keer. ŉ Noodtoestand was afgekondig deur die President op 15 Maart 2020 en daarby was sekere regte en vryhede binne Suid-Afrika beperk. Teen die tyd van die aankondigings het Suid-Afrika die hoogste aantal gevalle in Afrika gehad. Die beperkings wat ingestel was, was die mees strengste in Afrika, omdat Suid-Afrika toe die enigste land op die Afrika kontinent was wat van al sy burgers vereis het om tuis te bly.

Die maatreëls aangekondig op 15 Maart en 26 Maart het die mees omvattende beperkings op die vryheid van beweging en vergadering van alle Suid-Afrikaners na apartheid, verteenwoordig. ŉ Versuim om hierdie regulasies te eerbiedig mag die gevolg van ŉ boete of arrestasie vir ses maande of meer hê. Die verlaat van ŉ huis is slegs toegelaat om belangrike benodigdhede te koop, mediese aandag te soek, mediese produkte te gaan koop, maatskaplike toelaes te kollekteer of om ŉ begrafnis by te woon met nie meer as 50 mense nie.

[Uit https:/www.sanews.gov.za/south-africa/sa-shares-coronavirus-experiences-bricks. Toegang op 25 Januarie 2021 verkry.]

**BRON 3C**

Die onderstaande bron beskryf die ekonomiese gevolge wat die COVID-19-pandemie op Suid-Afrika gehad het.

Die ekonomies mees benadeelde sektore is tekstiel, opvoedkundige dienste, spyseniering en verblyf (toerisme ingesluit), drank, tabak, glasprodukte en skoene. Vanaf middernag, op 26 Maart 2020, mag slegs noodsaaklike goedere verkoop word. Dit sluit alle voedsel- en dierlike voedselprodukte en higiëneprodukte, mediese en hospitaalbenodighede, brandstof, steenkool, gas en basiese goedere in, insluitend lugtyd en elektrisiteit. Die verkoop van alkohol en sigarette was verbode. Pryskontrole op sekere goedere is ook ingestel, insluitend toiletpapier, ontsmettingsmiddel vir hande en sommige voedselprodukte. Versuim om dit na te kom, kan 'n boete of gevangenisstraf van tot ses maande tot gevolg hê.


Die ekonomie is erg getref, aangesien die meeste sektore 'n afname in hul produktiwiteit ondervind, weens die inperking. Werkers is ontslaan en werkloosheid het toegeneem. Die bruto binnelandse produk (BBP) het gedaal van 5,1 en tot 7,9 persent in 2020. Gegewe die afname in huishoudelike inkomste sal daar 'n afname in huishoudelike verbruik wees, wat die afname in produksie verder sal stimuleer. Hierdie verminderde huishoudelike inkomste sal ook lei tot verhoogde armoede, veral onder die wat reeds kwesbaar is (hulpeloos).

[Uit https://reliefweb.int>reportand covid-19-south-afri-so ca … Toegang op 07 Julie 2021 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

## BRON 3D

Hierdie spotprent beeld die derde Covid-golf uit wat Suid-Afrika raak en die behoefte om Suid-Afrikaners te beskerm.




[Uit Mining Cartoons MiningWiikly.com. Toegang op 8 Julie 2021verkry.]

Derde Covid-vlaag

Steeds ons beste beskerming

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

https:www.dailymaverick.co.za/article/2021-02-04-remembering-neil-aggett-the-modest-idealist-who-died-for-his-beliefs-39- years-ago

*http://indianexpress.com/aricle/explained/coronavirus-india/lockdown-migrant-workers-mass-exodus-6348834/*

https://sabctrc.saha.org.za/reports/volume3/chapter6/subsection24.htm

https:/www.sanews.gov.za/south-africa/sa-shares-coronavirus-experiences-bricks

https://thewire.in/world/bricks-and-covid-rising-powers-in-a-time-of-pandemic

Mining Cartoons MiningWiikly.com …

*sahistory.org.za*

*Times Live 7/2/2021*

*www.globalsecurity.org>world>war>south-africa5.htm*

www.news24.com>news24>southafrica>news>explained-who-was-neil-aggett-and-why-he-was-important-20200122

www.sahistory.org.za>article>apartheid-era-1980's

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2021

# GESKIEDENIS V2
# NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 24 bladsye.

1. **BRONGEBASEERDE VRAE**

1.1 **Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne.<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne.<br>• Definieer historiese begrippe/terme. | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne.<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne.<br>• Analiseer bewyse uit bronne. | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne.<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings. | **30%<br>(15)** |

1.2 **Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige relevante antwoorde.
- Daar word van leerlinge verwag om ŉ standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien.

1.3 **Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik ŉ regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien ŉ vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

**Paragraafvraag**
Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer ŉ antwoord op ŉ paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas ŉ kolpunt ( . ) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee ŉ kort kommentaar bv.

____________ . ________________________ . ________________

________________ . ________________________ . __________
√√√√
Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op ŉ logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om ŉ redelike reeks feite of ŉ effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ŉ opstel ŉ inleiding, ŉ samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ŉ slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by ŉ spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by ŉ riglyn vir nasien van ŉ spesifieke opstel.

2.3 **Globale assessering van die opstel**

Die opstel (skryfwerk) sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument.
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 **Assesseringsprosedures vir die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyn), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL-struktuur** in gedagte by die assessering van 'n opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met 'n argument/'n duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet 'n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.4 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie — ^
- Verkeerde stelling — ______
- Irrelevante stelling — |||
- Herhaling — **R**
- Analise — **A** √
- Argument — **LOA** √

## 2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van ʼn opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. ʼn Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is en om die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| I | VLAK 4 | |
|---|---|---|
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| I | VLAK 4 | |
|---|---|---|
| A | VLAK 5 | |

(c) Ken ʼn algehele punt toe met behulp van die matriks.

| I | VLAK 4 | } 30–33 |
|---|---|---|
| A | VLAK 5 | |

## NASIENMATRIKS VIR OPSTEL – TOTAAL: 50

| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### *Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; effense poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: WAT WAS DIE UITDAGINGS WAT DIE SUID-AFRIKAANSE REGERING IN DIE 1980's IN DIE GESIG GESTAAR HET?

1.1 1.1.1 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 1A – V1]*
- Die regering se reaksie op die 'Totale Aanslag'
- Dit was om ten alle koste die blanke minderheidsregering te verskans
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Dit sal internasionale kritiek op apartheid verminder
- Wit Suid-Afrikaners bevredig
- Vorm verhoudings met ander swart lande in Afrika
- Verminder interne swart weerstand
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Om swartmense as gemeenskapsraadslede in diens te neem
- Dit sal hulle die mag gee om sake in die swart woongebiede (lokasie) te bestuur
- Om swartmense beperkte mag op plaaslike vlak te gee
- Om die vraag na politieke regte te verminder en die politieke strewe van swartes te akkommodeer
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Wet op Aparte Geriewe
- Instromingsbeheer
- Reservering van werk (Enige 2 x 1) (2)

1.2 1.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Die nuwe grondwet het voorsiening gemaak vir die skepping van verskillende huise in die parlement
- Slegs Keurlinge en Indiërs is met beperkte magte in die nuwe parlement verteenwoordig
- Swart Suid-Afrikaners is uitgesluit van die nuwe parlementêre stelsel (gesien buite die heining staan)
- Die mag het in die hande van die wit minderheid gebly
- Apartheid is besig om te hervorm deur magsdeling te verander
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Kleurlinge
- Indiërs (2 x 1) (2)

1.2.3 *[Evalueer die bruikbaarheid van die bewyse uit Bron 1A – V3]*
**Die bron is beperk omdat:**
- Dit toon hervormings in die parlement slegs vir die drie rasse
- Swartmense word nie in ag geneem by die skepping van hierdie parlement nie
- Die bron versterk die idee dat blankes groter voordele as die ander rasse geniet
- Slegs die wit ras neem die besluite
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.3 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 1A en 1B – V3]*
- Bron 1A sê dat die regering ŉ 'verdeel en heers'-benadering gebruik het deur die bevolking te verdeel. Bron 1B toon dat die regering ŉ nuwe parlementêre stelsel geskep het wat verskillende huise vir verskillende rasse geskep het
- Bron 1A meld dat die regering voorgestel het dat politieke mag onder blankes, Kleurlinge en Indiërs gedeel sal word, en Bron 1B wys dat die drie rassegroepe in die parlement verteenwoordig sal word.
- Bron 1A meld dat dit kosmetiese veranderinge is wat deur die apartheidsregering geïmplementeer is, en Bron 1B toon dat die mag steeds in die hande van die apartheidsregering is wat die meeste verteenwoordigers gehad het en dat die ander huise beperkte magte het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.4 1.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – L1]*
- Omdat die opposisie verenig geword het (1 x 2) (2)

1.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Vroue
- Studente
- Kerke
- Vakbonde
- Kulturele groepe
- Sport groepe/spanne (Enige 2 x 1) (2)

1.4.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Moenie Stem nie-veldtog
- Miljoen Handtekeningveldtog (2 x 1) (2)

1.4.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Dat alle Suid-Afrikaners politieke regte moet hê, nie net Kleurlinge en Indiërs nie
- Dat alle Suid-Afrikaners hul regte hier in ŉ verenigde, onverdeelde Suid-Afrika moet kry, en nie in die tuislande nie
- Hulle politieke regte moet onmiddellik aan hulle gegee word
- Alle rasse moet dieselfde behandel word
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.5 1.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*

- Dalende namate inflasie toegeneem het
- Toename in die koste van basiese voedsel en vervoer
- Oorbevolking
- Behuisingstekort
- Stygende huurheffings (soms met 100%)
- Toenemende werkloosheidsyfer (Enige 2 x 1) (2)

1.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Gesien as samesweerders met die regering
- Hulle word as die bevorderaars van die doelstellings van apartheid beskou
- As 'uitverkopers' beskou
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.5.3 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 1D – V2]*

- Die polisie en die weermag is permanent in die swart woongebiede (lokasies) ontplooi
- Die polisie het die mag om iemand sonder ŉ lasbrief in hegtenis te neem
- Mense kan onbepaald aangehou word
- Prokureurs en familie is nie van die inhegtenisneming in kennis gestel nie
- Gesensureerde radio-, televisie- en koerantdekking oor hierdie onluste
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Botha besef die sterkte van verenigde swart verset (Bron 1A)
- Die regering se pogings om die bevolking te verdeel, het misluk (Bron 1A)
- Kosmetiese hervormings met die Driekamersparlement geïmplementeer (Bron 1B)
- Beperkte mag aan Kleurlinge en Indiërs gegee (Bron 1B)
- Die opposisie teen apartheid het verenig (Bron 1C)
- Gelei tot die stigting van die UDF wat die weerstand teen apartheid gekoördineer het (Bron 1C)
- Massamobilisering teen apartheid (eie kennis)
- Optogte, stakings en boikotte wat teen die regering gereël word, wat die land onregeerbaar maak (eie kennis)
- Kiesersopkoms laag vir die verkiesing van die nuwe parlement
- Huurboikotte het veroorsaak dat die regering inkomste verloor het (Bron 1D)
- Regeringsgeboue en elemente van apartheid vernietig (Bron 1D)
- Land gehul in onluste (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor die uitdagings wat die Suid-Afrikaanse regering in die 1980's in die gesig gestaar het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om te rapporteer of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor die uitdagings wat die Suid-Afrikaanse regering in die 1980's in die gesig gestaar het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE: 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip oor die uitdagings wat die Suid-Afrikaanse regering in die gesig gestaar het in die 1980's.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE: 6–8** |

(8)

**[50]**

## VRAAG 2: HET DIE AMNESTIE-PROSES VAN DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) AFSLUITING AAN DIE FAMILIE VAN NEIL AGGETT GEGEE?

2.1 2.1.1 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 2A – V1]*
- Afsonderlikheid van rasse
- Ongelykhede tussen rasse
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
**Hy was getuie van:**
- Uiterse armoede
- Siekte wat swart werkers raak
- Oorvol hospitale met min hulpbronne (Enige 2 x 1) (2)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- As aktiviste deur die polisie gevang is dat hulle ŉ politieke misdaad pleeg, het dit aanhouding en dood beteken
- Daar was 50 ander aktiviste voordat Aggett wat dieselfde lot gely het
- Baie aktiviste het as gevolg van polisie-brutaliteit gesterf
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2 2.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Dit wys dat ondersteuners hulde aan Neil Aggett bring
- Sy beskou hom as ŉ ware patriot van hierdie land
- Sy het die strate ingevaar om oor sy dood te rou
- Sy wou die waarheid weet oor hoe hy gesterf het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Hy was ŉ vegter vir die regte van die werkers
- Hulle het geglo dat hy vir hulle gesterf het
- Hy is dood aan die hand van die veiligheidspolisie omdat hy teen die onregverdige stelsel van apartheid geveg het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.2 2.3.1 *[Definisie van ŉ historiese konsep uit Bron 2B – V1]*
- Om amptelike kwytskelding vir politieke gemotiveerde misdade toe te staan
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Majoor Cronwright
- Luitenant Whitehead (2 x 1) (2)

2.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Hulle is deur die apartheidsregering as kommuniste beskou
- Hulle is gesien as bedreigings wat die apartheidsregering wou omverwerp
- Hulle het arbeidsonrus aangewakker wat die ekonomie gedestabiliseer het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.3.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Growwe menseregteskending (1 x 2) (2)

2.3.5 *[Evalueer die bruikbaarheid van Bron 2B – V3]*
Die bron is bruikbaar:
- Sommige van die antwoorde tot die dood van Neil Aggett.
- Daar was verskillende weergawes oor die dood van Agget.
- Die ondervraers het nou die waarheid vertel.
- Hulle kon afsluiting vind
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.4 2.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 4B – V1]*
- Cronwright
- Whitehead (2 x 1) (2)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Om afsluiting te vind
- Om vrede te vind
- Hulle wou die waarheid hoor oor hoe Neil Aggett gesterf het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.4.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Die polisie het sy dood as selfmoord voorgedoen
- Hy het selfmoord gepleeg as gevolg van die wrede behandeling wat hy ontvang het (2 x 1) (2)

2.4.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Hy kon nie ophou huil nie
- Hy was ŉ gebroke man (Enige 1 x 2) (2)

2.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 2C en 2D – V3]*
- Bron 2C dui aan dat Neil Aggett se pa oor sy dood getreur het deur te huil. Bron 2D toon dat ondersteuners oor sy dood getreur het deur in die straat te betoog.
- Bron 2C dui aan dat Neil Aggett baie ondersteuners gehad het wat wou hê dat sy saak heropen moet word. Bron 2D wys hoe een van sy ondersteuners in die strate plak
- Beide bronne het aangedui dat die gesin en die ondersteuners ontsteld oor die dood van Neil Aggett was
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Die rede vir die totstandkoming van die WVK was om die verlede te hanteer (eie kennis)
- Die WVK het amnestie aangebied aan diegene wat na vore gekom het en hul misdade erken het (Bron 2B)
- Die WVK bied ŉ platform vir die veiligheidspolisiemanne om die waarheid oor die dood van Neil Aggett te openbaar (Bron 2B)
- Smith het die waarheid onthul van hoe hulle gevangenes gemartel het in sy amnestieverhoor (Bron 2B)
- Slagoffers kon diegene konfronteer wat hul geliefdes seergemaak het (eie kennis)
- Amnestie is nie aan oortreders toegestaan nie (eie kennis)
- WVK het die beslissing dat Aggett selfmoord gepleeg het, ongedaan gemaak (Bron 2B)
- Cronwright en Whitehead het nie om amnestie aansoek gedoen nie (Bron 2C)
- Die WVK was nie ŉ geregshof wat die skuldiges kon straf nie (eie kennis)
- Jill Burger onthul die lyding wat hulle verduur het weens die verlies aan Neil (Bron 2C)
- Die gesin het geen sluiting gehad nie omdat hulle van mening was dat hy nie selfmoord gepleeg het nie (Bron 2C)
- Die twee belangrikste martelaars het nooit voor die WVK verskyn om die waarheid oor Neil Aggett se dood te openbaar nie (Bron 2C)
- ŉ Tweede ondersoek is gehou om die waarheid oor die dood van Neil Aggett te onthul (Bron 2C)
- Ondersteuners wou hê dat die oortreders gestraf moes word (Bron 2C)
- Ondersteuners het geglo dat hy aan die hand van die veiligheidspolisie oorlede is en nie selfmoord gepleeg het nie (Bron 2C en 2D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip of die Waarheid-en-Versoeningskommissie afsluiting gegee het aan die familie van Neil Aggett.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip of die Waarheid-en-Versoeningskommissie afsluiting gegee het aan die familie van Neil Aggett.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip of die Waarheid-en-Versoeningskommissie afsluiting gegee het aan die familie van Neil Aggett.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: WATTER IMPAK HET DIE GLOBALE COVID-19 PANDEMIE OP SUID-AFRIKA GEHAD?**

3.1 3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Wuhan / China (1 x 1) (1)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Gedeeltelike reisverbod
- Reisadvies
- Ontmoedig openbare vervoer
- Die sluiting van skole
- Verbod op byeenkomste van meer as 100 mense (Enige 2 x 1) (2)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Moeilik om sosiale distansie te implementeer
- Die verspreiding van die pandemie sal groter wees
- Dit raak personeel sowel as leerders/studente
- Leerders/studente reis met verskillende tipes vervoer
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

*3.1.4* *[Verduideliking van ŉ konsep uit Bron 3A – V2]*
ŉ Grendeltyd is ŉ inperking vir mense of gemeenskap om te bly waar hulle is, gewoonlik as gevolg van spesifieke risiko's teenoor hulself of andere as hulle vrylik kan beweeg of interaksie sonder beperkinge het.
(Enige 1 x 2) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Gedwing om aanlyn klas te gee
- Zoom en Teams onderrig
- Rotasie-onderrig
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Sosiale distansiëring
- Gereelde was van hande
- Dra van maskers (Enige 2 x 1) (2)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- ŉ Ramptoestand is verklaar
- Die beweging van persone en goedere is beperk
- Buitelandse burgers van lande met ŉ hoë risiko is verbied om Suid-Afrika binne te gaan
- Beperkings op alle byeenkomste
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.2.3 *[Evalueer die bruikbaarheid van die bewyse uit Bron 3B – V3]*
**Die bron is bruikbaar omdat:**
- Hul vryheid van beweging is beperk
- Hul vryheid van samekoms is beperk
- Die werkloosheidsyfer het tot 1,7 miljoen gestyg
- Tot armoede gelei
- Baie ondernemings het bankrot geraak
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Om noodsaaklike goedere te koop
- Mediese hulp te kry
- Koop van mediese produkte
- Maatskaplike toelaes te kry
- Begrafnisse van hoogstens 50 mense by te woon (Enige 2 x 1) (2)

3.3 3.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- Tekstiele
- Opvoedkundige dienste
- Spyseniering en verblyf
- Drank
- Tabak
- Glasprodukte
- Skoene (Enige 1 x 1) (1)

3.3.2 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 3C – V1]*
- Boete
- Gevangenisstraf van tot ses maande (Enige 1 x 2) (2)

3.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- As gevolg van die afname in aktiwiteite in die bedryf, handel, restaurante en hotelle
- Afname in ekonomiese aktiwiteite
- Ontwrigting in die internasionale en binnelandse voorsieningsketting
- Suid-Afrika kan nie sy minerale uitvoer nie
- Aandklokreëls en die verbod op die verkoop van alkohol
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.4 3.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Om die verspreiding van die pandemie te stop (Die derde Covid-vlaag sal meer verwoestend wees)
- Om veiligheidsmaatreëls te tref om nie besmet te raak nie
- Toon die belangrikheid daarvan om te alle tye maskers te dra
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- Dra 'n masker (1 x 2) (2)

3.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Dit kan veroorsaak dat mense siek word
- Dit kan tot die dood van mense lei
- Dit kan tot die verspreiding van die virus lei
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 3B en 3D – V3]*
- Bron 3B dui die gesondheidsmaatreëls aan wat getref moet word om die verspreiding van die virus te voorkom. Bron 3D toon die maatreëls wat getref moet word.
- Bron 3B dui aan dat sekere regte en vryheid van Suid-Afrikaners ingekort is. Bron 3D toon dat dit verpligtend is om ŉ masker in die openbaar te dra
- Beide bronne toon dat voorsorgmaatreëls getref moet word om die verspreiding van die virus te stop
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte insluit:

- Die WGO het die pandemie as ŉ wêreldwye kwessie verklaar (Bron 3A)
- Suid-Afrika is gedwing om gedeeltelike inperking te begin sowel as toesluit van skole en hoër instellings vir 14 dae (Bron 3A)
- Sekere regte en vryheid van Suid-Afrikaners was beperk (Bron 3B)
- Dit het die hoë armoede-syfer in Suid-Afrika ontbloot (eie kennis)
- Beperk die vryheid van beweging en vergadering sedert apartheid (Bron 3B)
- Streng inperkingsmaatreëls in Suid-Afrika ingestel (Bron 3C en 3D)
- Inperking is nie die enigste oplossing vir die pandemie nie (Bron 3C)
- Programme vir maatskaplike beskerming moet geïmplementeer word (Bron 3C)
- Internasionale befondsing sal uiteindelik tot die redding kom (Bron 3C)
- Volg die Covid-protokolle om infeksie te verminder (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ’n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor die impak wat die globale COVID-19 pandemie op Suid-Afrika gehad het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om te rapporteer of kan nie ’n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in ’n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor die impak wat die globale COVID-19 pandemie Suid-Afrika gehad het.**<br>• Gebruik bewyse op ’n basiese manier om ’n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ’n deeglike begrip oor die impak wat die globale COVID-19 pandemie op Suid-Afrika gehad het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf en toon begrip oor die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELTIPE VRAE

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet 'n standpunt inneem op hoe Steve Biko en die Swartbewussyns-beweging die apartheidsregering in die 1970's uitgedaag het.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem en demonstreer tot watter mate Steve Biko en die Swartbewussynsbeweging die apartheidsregering in die 1970's uitgedaag het.

**UITBREIDING**

- Rede vir die stigting van die Swartbewussynsbeweging (SBB) (Agtergrond)
- **Biko se filosofie van Swartbewussyn (SB)**
- Maak swartmense bewus van die euwels van apartheid
- Kweek 'n gevoel van eiewaarde en vertroue in swart Suid-Afrikaners
- Herstel swart trots
- Die manier waarop swart Suid-Afrikaners hulself gesien het, verander
- Bemagtig hulle om apartheid te konfronteer
- Biko het swart Suid-Afrikaners versoek om hulself te laat geld en dinge vir hulself te doen
- Skakel die gevoel van minderwaardigheid uit
- **Rol van Steve Biko**
- Vorming van SASO
- SASO het SB idees versprei oor die kampusse van die etnies geskeide universiteite
- SASO het swart eenheid en solidariteit bevorder
- Studente meer polities bewus gemaak
- Studente aan gemoedig om hulself van apartheid te bevry
- Biko bevorder selfbevryding
- Hy het geglo dat assosiasie met blankes die bevrydingstryd ondoeltreffend maak en dat swartes hulself moet bevry
- Gevestigde selfhelpgroepe vir swart gemeenskappe saam met ander SB-leiers
- SB-idees is in SASO-nuusbriewe gepubliseer
- **Swartbewussyn word 'n nasionale beweging**
- In 1972 is die Black People's Convention gestig
- Bedoel om swartmense van sielkundige en fisiese onderdrukking te bevry
- Selfhelpprojekte is op die been gebring, bv. Zanempilo-kliniek, Ginsburg en Zimele-trustfonds (Trust Fund)
- Gelei tot die stigting van die Black Allied Workers Union in 1973

- Die SB beïnvloed skoliere wat tot die vorming van SASM gelei het
- **Uitdagings wat die idees van BC aan die staat stel**
- Die Suid-Afrikaanse regering was aanvanklik nie bekommerd oor die SBB nie en het gelyk of dit met sy eie beleid van afsonderlike ontwikkeling in lyn was
- Die SBB het sterker geword en 'n uitdaging aan die staat gestel
- Dit het 'n massabeweging geword wat gepoog het om apartheid te ondermyn
- Biko se toesprake het swart Suid-Afrikaners aangemoedig om apartheid te verwerp
- SB-idees spoor die werkers aan om met staking op te tree
- SBB ondersteun disinvesteringsondernemings
- **Regerings se reaksie op Biko se filosofie**
- Verbod en huisarres van Biko en ander leiers
- SB-leiers is verbied om in die openbaar te praat
- BPC-aktiviste is sonder verhoor aangehou
- SASO is op universiteitskampusse verbied
- Biko is in hegtenis geneem en ondervra
- Biko is in 1977 wreedaardig deur die veiligheidspolisie vermoor

- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

*[Beplan en konstrueer ’n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet standpunt inneem of dit die besluit van De Klerk was wat die weg gebaan het vir ’n onderhandelde skikking wat uiteindelik tot die stigting van 'n demokratiese Suid-Afrika in 1994 gelei het.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit.
Inleiding: Kandidate moet aandui of dit slegs De Klerk se besluit was wat gelei het tot ’n onderhandelde skikking wat die vir ’n demokratiese Suid-Afrika in 1994 weg gebaan het.

**UITBREIDING**
- De Klerk kom aanbewind in 1989 – kort agtergrond
- De Klerk se toespraak in die parlement op 2 Februarie 1990 (Politieke leierskap)
- Vrylating van Mandela en die ontbanning van politieke en gemeenskapsorganisies soos die ANC, PAC en SACP
- Verwydering van beperkings op COSATU, AZAPO ens. (Politieke leierskap en toewyding)
- Grootte Schuur Minuut, 2 Mei 1990 (ANC en NP ontmoet; ANC delegasie gelei deur Nelson Mandela; NP delegasie gelei deur FW de Klerk (Politieke leierskap en toegewydheid)
- Apartheid wetgewing herroep, soos die Wet op Aparte Geriewe (Politieke leierskap en toegewydheid)
- Pretoria Minuut, 6 Augustus 1990 (Opskorting van die gewapende stryd deur die ANC)
- KODESA 1 (19 politieke partye, uitsluitend AZAPO, KP en PAC/300 verteenwoordigers ontmoet (Politieke leierskap en toewyding)
- Geweld breek uit in sekere dele van die land, soos aan die Witwatersrand en Natal.
- Net Blankes Referendum en impak (Maart 1992) (politieke leierskap)
- KODESA 2 (2 Mei 1992 stort in duie; partye kon nie ooreenkom oor nuwe grondwet en tussentydse regering nie) (Politieke leierskap en toewyding)
- NP wou minderheid veto hê, terwyl die ANC ’n tussentydse regering vir nie langer as 18 maande en ’n meerderheidsregering wou hê.
- Die Boibatong-slagting en sy gevolge (17 Junie 1992)
- Die Bhisho-slagting het die proses van die onderhandelinge ontspoor (7 September 1992)
- Memorandum van Verstandhouding geteken tussen Roelf Meyer en Cyril Ramaphosa (Politieke leierskap en toewyding)
- Dood van Chris Hani (10 April 1993) en die impak op Suid-Afrika (Politieke Leierskap)
- Veelpartyonderhandelingsforum (Politieke leiersap en toewyding)
- Bestorming van die Wêreldhandelsentrum deur die AWB en die gevolge daarvan

- Sonsondergangsklousule voorgestel deur Joe Slovo breek onderhandelings dooiepunt (Politieke leierskap en toewyding)
- Verkiesingsdatum aangekondig, 27 April 1994 (Politieke leierskap)
- ANC wen verkiesing en Mandela word die eerste swart Suid-Afrikaanse president

- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

## VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN ’N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

*[Beplan en konstrueer ’n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet aandui of hulle saamstem of nie saamstem met die stelling. Kandidate moet verduidelik of dit die ineenstorting van kommunisme was wat aansienlik grootliks verantwoordelik was vir politieke veranderinge wat na 1989 in Suid-Afrika plaasgevind het.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:
- Inleiding: Kandidate moet ’n standpunt inneem en aandui of die ineenstorting van kommunisme grootliks verantwoordelik was vir die politieke veranderinge wat na 1989 in Suid-Afrika plaasgevind het.

**UITBREIDING**
- Gorbachev se Glasnost- en Perestroika-hervormings
- Teen die einde van 1989 het die Sowjetunie gedisintegreer en die gevolge daarvan
- Die kommunistiese regimes in Oos-Europa stort in duie
- Politieke veranderinge in die wêreld het druk op die apartheidsregime gesit om veranderinge aan te bring.
- Die ineenstorting van kommunisme het beide die NP en ANC affekteer
- Die Nasionale Party was nou bereid om met die ANC te onderhandel.
- Die Nasionale Party se vrees vir ’n kommunistiese ANC blyk ongegrond te wees.
- Na die ondergang van kommunisme in die Sowjetunie; die ANC verkry geen ondersteuning van die Sowjetunie
- Die ANC kon nie langer op die Sowjetunie vir ekonomiese en militêre steun staatmaak nie
- Die Nasionale Party se bewering dat dit as ’n ‘skans’ optree teen kommunistiese uitbreiding in Suid-Afrika, het onrealisties geword
- Westerse wêreldmagte ondersteun die idee dat Suid-Afrika sy probleme vreedsaam en demokraties op kan oplos
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party nie meer wit minderheidsregering kan handhaaf nie en sou tot politiek onstabiliteit lei
- Die regering het besef dat hervorming nodig was vir die ontwikkeling van ’n sterk middelklas wat as ’n ‘bulwark teen die revolusie’ sou optree.
- P.W. Botha het ’n beroerte gehad en is deur F.W. de Klerk opgevolg
- F.W. de Klerk het begin aanvaar dat die swart Suid-Afrikaners se stryd teen apartheid nie ’n sameswering vanaf Moskou was nie
- Dit het De Klerk in staat gestel om met die bevrydingsorganisasies te onderhandel
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk ‘’n nuwe grondwetlike bedeling’ aangekondig

Kopiereg voorbehou 

- De Klerk ontban alle anti-apartheidsorganisasies insluitend die ANC, PAC en die Suid-Afrikaanse kommunistiese party
- Dit het die einde van apartheid beteken en die begin van die onderhandelings-proses

- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou